promenade

plotseling: kort neonlinte op die water waarsku
my teen die laaste van die nag latent
soos elkeen, langsaam, oopgekloof word teen
beton en gruis – wie sou ooit kon raai?

ek, poet oba digter: beweeg (bewegingloos) nader
aan die taai ysterreëlings – dis my eerste kennismaking
met die verkilde seelug vanaand blote toeval as jy my
later vra dronkgedruis verbloem melancholie dalk dis al
en die oë van ander steeds gety ontvoer:

maar daar's geen vervoering hier, net die disonante klank
van vlees wat tyd word en dan terugkeer